

7

SAMUEL EN DAWID God ken ons harte

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer dat God altyd weet wat ons dink en wat in ons harte aangaan.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet dat God na mense se hele lewe kyk.
- besef dat dit wat binne 'n mens se hart aangaan, vir God die belangrikste is.
- die hoofpunte van die verhaal van Dawid en Samuel kan weergee.

Gesindheid

Die kinders moet –

- die mooi en goeie dinge wat mense doen en sê, waardeer.
- nooit spot met iemand wat anders as hulle is nie.
- dankbaar wees vir die goeie dinge wat hulle het.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om iemand te gaan bedank of 'n kompliment te gee.

MEER INLIGTING (1 Samuel 16; Lukas 18: 9-14; Psalm 139; Matteus 12: 33-37)

Lees hierdie Skrifgedeeltes om die nodige agtergrond te kry.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Lappe, ensovoorts, om die karakter Samuel aan te trek.
- 'n Muurkaart met 1 Samuel 16: 7b daarop:

*Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie.
Die mens kyk na die uiterlike,
maar die Here na die innerlike.*

KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Gebruik Psalm 139: 1 en 2 as deel van jou gebed: *Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.* Help my asseblief dat ek goeie dinge sal uitdink. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

Al die feite wat hulle moes onthou, is reeds verlede keer in die vasvrakompetisie behandel.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die volk Israel het nie altyd konings gehad wat oor hulle regeer het nie. God was hul Koning. Hul leiers was mense wat deur God self geroep is om hulle te lei – mense soos Moses, Josua en Samuel. Omdat al die volke rondom Israel konings gehad het, wou Israel ook 'n koning hê. Hulle het die profeet Samuel gevra om 'n koning oor hulle aan te stel. God was nie tevrede met hul versoek nie, maar Hy het tog aan hul versoek toegegee. Hul eerste koning was Saul. Alhoewel hy baie dapper was en al sy vyande verslaan het, was hy ongehoorsaam aan die Here. Die Here het vir Samuel gesê om iemand anders in Saul se plek as koning te salf.

IETS INTERESSANT

Die manier waarop hulle iemand as koning aangewys het, was om hom te salf. Dit is gedoen deur olie uit 'n kruik oor die persoon se kop te gooi. Samuel moes Betlehem toe gaan en daar een van Isai se agt seuns as koning salf. Toe Samuel by Isai aankom, nooi hy vir Isai en sy seuns om saam met hom 'n offer aan die Here te bring. Tydens hierdie offer sal die Here dan die nuwe koning vir Samuel aanwys.

Sewe van Isai se seuns was teenwoordig by die offer. Die agtste een was nog baie jonk en was besig om skape op te pas. Isai se seuns moes voor Samuel verbyloop en God sou dan vir Samuel wys wie hy moes salf. Al Isai se seuns was mooi en sterk. God het vir Samuel gesê om nie na hul mooi gesigte of sterk liggame te kyk nie: *Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike* (1 Samuel 16: 7). Toe al sewe seuns verbygeloop het, sê Samuel vir Isai dat die Here nie een van sy sewe groot seuns as koning aangewys het nie. Hy vra toe vir Isai om sy jongste seun te laat haal sodat hy hom ook kan sien. Sy naam was Dawid. Die Here het vir Samuel gesê om Dawid as koning te salf. Die Here het geweet dat Dawid hom waarlik lief het en altyd sou probeer om Hom te gehoorsaam. Samuel het opgestaan, die olie gevat en Dawid tot koning gesalf.

Dawid was nie vir God te jonk of te klein om gebruik te word nie. Al was al sy broers mooi, groter en sterker as hy, het God vir Dawid gekies. Dawid se lewensverhaal wys dat God altyd reg is. Dawid was 'n goeie koning. Hy was die bekendste koning wat die volk Israel ooit gehad het. God kyk nie na hoe ons lyk, hoe groot of klein ons is, of hoe arm of ryk, belangrik of onbelangrik ons is nie. Hy kyk na ons harte en na die manier waarop ons Hom gehoorsaam.

As die Bybel praat van *ons harte*, beteken dit ons *gesindheid*. Die Here wil ons, net soos ons is, gebruik om vir Hom te werk. Ons moet net altyd aan Hom gehoorsaam bly.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- God weet wat ons dink en wat ons gesindheid is.
- Ons moet nooit maats wat anders as ons is, spot of lelik van hulle praat nie.
- Wees vriendelik met mense wat anders as jy is.
- Waardeer dit as ander mooi dinge doen of sê.
- Sê altyd dankie vir die goeie dinge wat jy het.
- Hoe ons lyk, is nooit belangriker as wat ons dink of wat in ons harte is nie.

IETS OM TE DOEN

- Lees 1 Samuel 16: 7b uit die Bybel voor en laat hulle dit 'n paar keer agterna sê: *Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*
- Verduidelik aan die kinders die rolspel.
- Kies 'n seun (of 'n dogter as daar nie 'n geskikte seun is nie) om die rol van Samuel te speel.
- Gebruik die lap om hom of haar as Samuel aan te trek.
- Die kategeet speel die rol van die verteller.
- Met die rolspel stap sewe seuns verby, en elke keer skud Samuel sy kop. (As daar nie seuns is nie, gebruik dogters.) As daar nie sewe is nie, laat hulle meer as een keer verbystap tot sewe verby is.

ROLSPEL

Verteller: Die Here het vir Samuel gesê: *Maak 'n horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe, want onder sy seuns sien ek vir my 'n koning.*

Verteller: Toe Samuel in Betlehem aankom, het hy met Isai gepraat.

Samuel: Isai, vandag moet ek een van jou seuns as koning salf.

Verteller: Isai het sewe van sy seuns voor Samuel laat verbygaan. Die Here het geeneen van hulle gekies nie. Elke keer het Samuel net sy kop geskud.

Samuel: Is dit al jou seuns hierdie?

Verteller: Toe sê Isai: *Die jongste een pas nog skape op. Sy naam is Dawid.*

Samuel: Laat haal hom.

Verteller: Hulle het die jongste seun, Dawid, in die veld gaan roep. Toe Dawid inkom, het die Here vir Samuel gesê dat hy vir Dawid as koning moet salf. Toe sê die Here: *Salf hom, want dit is hy.*

Samuel staan toe op en salf vir Dawid. Die mens kyk na die uiterlike, maar God kyk na die innerlike van die mens.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders aan die hand van Dawid se mooi eienskappe, die mooi eienskappe van familielede en vriende in die raampie voltooi. Die ouers kan die kinders help.
- Laat die ouers vir hul kinders geleenthede skep waartydens hulle vir iemand kan dankie sê en ook komplimente kan gee.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer sodat hulle die ontbrekende woorde kan invul:

- God weet wat ons en wat ons is. (*dink, gesindheid*)
- Ons moet nooit maats wat anders as ons is, van hulle praat nie. (*spot of lelik*)
- Wees met mense wat anders is as jy. (*vriendelik*)
- dit as ander mooi dinge doen of sê. (*Waardeer*)
- Sê altyd vir die goeie dinge wat jy het. (*dankie*)
- Hoe ons lyk, is nooit as wat ons dink of wat ons gesindheid is nie. (*belangriker*)
- *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die, maar die Here na die (1 Samuel 16: 7b) (uiterlike, innerlike)*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Belangrik:

- Reël betyds wie volgende week se klas gaan aanbied – veral vir die maak van hulpmiddels.
- Reël met die ouers om Les 9 by te woon. Dit is 'n gesinsles.